# BOSVELD WAPEN-EN AMMUNISIEVERENIGING

Geakkrediteer in terme van
Wet 60 van 2000 as `n
Versamelaarsvereniging -
Reg No: 1300054

Geaffilieer by NAACCSA

POSBUS 251
NABOOMSPRUIT 0560

TEL: (014) 743 2174
FAKS: (014) 743 1990
E-Pos: bosveldwapenenammunisie@gmail.com

## NUUSBRIEF 2 / 2014



## JAGPAKETTE TE WEN VIR 2015

Die mandjiedans vind plaas op 3 Oktober 2014 om 19h00 te die Stoeisaal, Gholfklub teen R50-00 per persoon. Die opskrif is "Jagpakkette te wen vir 2015". Tafels en stoele beskikbaar, bring eie eetgerei. Kontantkroeg en braaipakke beskikbaar.

Tydens die mandjiedans sal die trekking plaasvind waarin u in aanmerking kom vir die trekking van die volgende jagpakette:

- 1 x koedoe, 'n Blouwildebees en 2 Rooibokke of R6000-00 kontant
- 1 x Blouwildebees en 2 Rooibokke of R4600-00 kontant
- 2 x Rooibokke of R1800-00 kontant.

Ander pryse is ook te wen. Akkomodasie beskikbaar by Panorama Gastehuis, geleë 3km vanaf Naboomspruit op die bronnepad. Wildbesigtiging, pragtige natuurskoon. Skakel Hendrie by 082 784 1938 of Karin by 082 898 2997. Of Andanté geleë 16km vanaf Naboomspruit vir puik akkommodasie, wild besigtiging en staproetes – kontak Colleen by 082 854 3534.

## VERSAMELAARS SERTIFISERING VORMS:

Nuwe sertifiserings vorms vir die Versamelaars is binnekort beskikbaar. Dit sal teen einde Mei aan u uitgestuur word.



## KREMETART VERSAMELSTUK SKIETDAG – 31 MEI 2014

**Ons nooi u hartlik uit na die BWAV se Versamelstuk skietdag op 31 Mei 2014, te Masada skietbaan. Die aktiwiteite begin om 10h00.**

**Daar is 'n 100m. geweerbaan beskikbaar en ook 'n handwapen baan, bring u versamelstuk en kom skiet 'n paar skote. In die Lapa is uitstallings en items wat te koop aangebied word.**

**Na afloop van die verrigtinge kan u 'n vleisie braai en lekker saam met ons kuier. Bring 'n stoel, ietsie om te drink, 'n vleisie en eetgerei.**

**Almal is welkom, bring die hele gesin!!**

### BAAN OFFISIERE:

Ons het baanoffisiere in die Vereniging nodig wat ywerig sal werk en bereid sal wees om een Saterdag 'n maand op te offer om uit te help te Masada Skietbaan. 'n Sertifikaat sal aan u uitgereik word. Kontak die kantoor vir meer inligting.

### *Lief en Leed*

***Ons innige simpatie aan die Bronkhorst families. Oom Willie Bronkhorst en Oom Jannie Bronkhorst is onlangs oorlede.***

## ***GESKIEDENIS BROKKIE:***

**HARRINGTON & RICHARDSON, INC**



# Military contribution

H&R built flare guns during World War I, and a variety of firearms, including the Reising submachine gun during World War II. H&R was granted a contract to produce the M1 rifle during the Korean War, although the first deliveries of the rifles were not made until after the Armistice. H&R manufactured the M14 rifle during that rifle's production cycle (1959–1964). H&R also manufactured M16A1 rifles during the Vietnam War, and is one of only four manufacturers (along with Colt, Fabrique National, & GM Hydramatic Division) to have ever made an official M16 variant for the U.S. Military. Due to their relative scarcity, all H&R military weapons are considered collectable.



H&R Vest-Pocket Self-Cocker (Early model)



H&R Vest-Pocket Self-Cocker (Later model



H&R The American Double Action



H&R Revolver of Top-Break design with knife

## JAARPROGRAM 2014

| | |
|---|---|
| 31 Mei 2014 | **Kremetart skietdag:** Versamelaars aktiwiteit |
| 16 Augustus 2014 | **Sportskiet en opleiding:** handwapens, haelgewere, .22, windbukse (kinders) **Versamelaars aktiwiteit:** Versamelaars bring haelgewere. |
| 13 September 2014 | **Prestige skiet**, Kompetisieskiet met jaggewere. |
| 11 Oktober 2014 | **Sportskiet:** handwapens, haelgewere, .22, windbukse (kinders) **Versamelaars aktiwiteit:** Versamelaar van die Jaar kompetisie en uitstalling. |
| 14 November 2014 | **Prestige aand** |
| 15 November 2014 | **Spanskiet** |

**BELANGRIK**

**Alle skietaktiwiteite vind te MASADA SKIETBAAN plaas en begin om 08:30. Tydens kompetisies mag net met jaggewere en nie met skyfskietgewere geskiet word nie.**

**Versamelaars aktiwiteite is van 10:00 tot 11:00. Bring versamelstukke wat vir die dag geskeduleer is en kom wys en vertel. Versamelaars kan op Sportskiet dae met versamelstukke kom skiet.**